Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE STADSAAL, MALMESBURY OP DINSDAG, 30 JANUARIE 2024 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

RAADSLEDE:

Bess, D G (DA)
Jooste, R J (DA)
Le Minnie, I S (DA)
Ngozi, M (ANC)
O'Kennedy, E C (DA)
Penxa, B J (ANC)
Pieters, C (ANC)
Pypers, D C (DA)
Smit, N (DA)
Soldaka, P E (ANC)
Van Essen, T (DA)
Van Zyl, M (DA)
Vermeulen, G (VF+)
Warnick, A K (DA)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Senior Bestuurder: Publieke Dienste en Projekbestuur, mnr J M S Spies
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede en amptenare.

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas, open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

Die Speaker dra sy gelukwensing oor aan raadslede wat hul verjaarsdag die afgelope tyd herdenk het.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle A M Booysen, C Daniels, C Fortuin en P E Soldaka, terwyl rdle M F Gaika en J R Papier afwesig is sonder verlof.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

Geen.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 26 OKTOBER 2023

Besluit/...

Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

MINUTES OF AN ORDINARY MEETING OF THE SWARTLAND MUNICIPAL COUNCIL HELD IN THE TOWN HALL, MALMESBURY, ON TUESDAY, 30 JANUARY 2024 AT 10:00

PRESENT:

Speaker, Ald M A Rangasamy
Executive Mayor, Ald J H Cleophas
Executive Deputy Mayor, Cllr J M de Beer

COUNCIL MEMBERS:

Bess, D G (DA)
Jooste, R J (DA)
Le Minnie, I S (DA)
Ngozi, M (ANC)
O'Kennedy, E C (DA)
Penxa, B J (ANC)
Pieters, C (ANC)
Pypers, D C (DA)
Smit, N (DA)
Soldaka, P E (ANC)
Van Essen, T (DA)
Van Zyl, M (DA)
Vermeulen, G (VF+)
Warnick, A K (DA)

Officials:
Municipal Manager, Mr J J Scholtz
Director: Protective Services, Mr P A C Humphreys
Director: Electrical Engineering Services, Mr T Möller
Director: Financial Services, Mr M A C Bolton
Director: Corporate Services, Ms M S Terblanche
Director: Development Services, Ms J S Krieger
Senior Manager: Public Services and Project Management, Mr J M S Spies
Manager: Secretariat and Records, Ms N Brand

1. OPENING

The Speaker welcomed the Executive Mayor, alderlady and aldermen, councillors and officials.

The Executive Mayor, Ald J H Cleophas, opened the meeting with Scripture reading and prayer at the invitation of the Speaker.

The Speaker extended his congratulations to the councillors who recently celebrated their birthdays.

2. LEAVE OF ABSENCE

Leave of absence is granted to Cllrs A M Booysen, C Daniels, C Fortuin and P E Soldaka, while Cllrs M F Gaika and J R Papier are absent without leave.

3. REPRESENTATIONS/ DECLARATION AND COMMUNICATIONS/ SUBMISSIONS

None.

4. MINUTES FOR RATIFICATION

4.1 MINUTES OF AN ORDINARY BOARD MEETING HELD 26 OCTOBER 2023

Resolution/...

BESLUIT
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 26 Oktober 2023 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP 30 NOVEMBER 2023

BESLUIT
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die notule van 'n Spesiale Raadsvergadering gehou op 30 November 2023 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 18 OKTOBER 2023
saamgelees met
NOTULES VAN PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERINGS GEHOU OP 11 OKTOBER 2023

5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 15 NOVEMBER 2023

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 10 OKTOBER 2023

6.2 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 30 OKTOBER 2023

6.3 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 29 NOVEMBER 2023

7. SAKE VOORSPRUITEND UIT NOTULES

Geen.

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 VOORLEGGING VAN KONSEP JAARVERSLAG: 2022/2023 FINANSIëLE JAAR (7/1/1/1)

Die 2022/2023 Konsep Jaarverslag is opgestel ooreenkomstig die formaat soos voorgeskryf deur MFMA Omsendbrief 63 gedateer 26 September 2012, en word voorgelê aan die Raad ingevolge Artikel 127(2) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (MFMA, Wet 56 van 2003).

Die jaarverslag sluit/...

RESOLUTION
(proposal by Cllr N Smit, seconded by Cllr A K Warnick)

That the minutes of an Ordinary Council Meeting held on 26 October 2023 be approved and signed by the Speaker.

4.2 MINUTES OF A SPECIAL BOARD MEETING HELD ON 30 NOVEMBER 2023

RESOLUTION
(proposal by Cllr N Smit, seconded by Cllr A K Warnick)

That the minutes of a Special Council Meeting held on 30 November 2023 be approved and signed by the Speaker.

5. REPORTING REGARDING DELEGATED DECISION-MAKING BY THE EXECUTIVE MAYOR

RESOLUTION

That the Executive Mayor's decisions under delegated authority, as contained in the minutes below, are taken into account:

5.1 MINUTES OF AN ORDINARY MEETING OF THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE HELD ON 18 OCTOBER 2023
read together with
MINUTES OF PORTFOLIO COMMITTEE MEETINGS HELD ON 11 OCTOBER 2023

5.2 MINUTES OF AN ORDINARY MEETING OF THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE HELD ON 15 NOVEMBER 2023

6. REPORTING REGARDING DELEGATED DECISION-MAKING BY THE MUNICIPAL MANAGER

RESOLUTION

That the decisions of the Municipal Manager under delegated authority, as contained in the minutes below, are taken into account:

6.1 MINUTES OF A MEETING OF THE BID EVALUATION COMMITTEE HELD ON 10 OCTOBER 2023

6.2 MINUTES OF A MEETING OF THE BID EVALUATION COMMITTEE HELD ON 30 OCTOBER 2023

6.3 MINUTES OF A MEETING OF THE BID EVALUATION COMMITTEE HELD ON 29 NOVEMBER 2023

7. MATTERS ARISING FROM MINUTES

None.

8. MATTERS FOR DISCUSSION

8.1 SUBMISSION OF THE DRAFT ANNUAL REPORT: 2022/2023 FINANCIAL YEAR (7/1/1/1)

The 2022/2023 Draft Annual Report was drawn up according to the format prescribed in MFMA Circular 63 dated 26 September 2012, and submitted to the Council in accordance with section 127(2) of the Local Government: Municipal Financial Management Act, 2003 (MFMA, Act 56 of 2003).

The annual report includes, inter alia, -

Die jaarverslag sluit onder andere in –
(1) die finansiële state;
(2) ouditverslag van die Ouditeur-Generaal; en
(3) die jaarlikse prestasieverslag.

BESLUIT
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat kennis geneem word van die Konsep Jaarverslag vir die 2022/2023 finansiële jaar soos voorgelê in terme van Artikel 127(2) van die MFMA, en opgestel in die formaat soos voorgeskryf deur MFMA Omsendbrief 63 van 2012 van Nasionale Tesourie;

(b) Dat kennis geneem word van die opvolgaksies waaraan in terme van Artikel 127 van die MFMA uitvoering gegee sal word, te wete –
(i) die openbaarmaking van die jaarverslag;
(ii) die rig van 'n uitnodiging aan die publiek om vertoë daaromtrent te rig;
(iii) uitnodiging aan die publiek en die relevante staatsorgane om die raadsvergadering op 28 Maart 2024 by te woon, wanneer die jaarverslag en oorsigverslag bespreek sal word;
(iv) voorlegging van die jaarverslag aan die Ouditeur-Generaal, provinsiale tesourie en die provinsiale departement verantwoordelik vir plaaslike regering;

(c) Dat die MPAC, na afloop van die sluiting van kommentaar op die jaarverslag, 'n gedetailleerde analise sal doen van die vertoë wat ontvang is, ten einde die konsep oorsigverslag op te stel vir oorweging deur die Raad op 28 Maart 2024;

(d) Dat raadslede wat nie op die MPAC dien nie, kennis neem dat dit ook van hulle verwag word om hul eie evaluering van die jaarverslag te doen, onder andere in konsultasie met hul kiesers, wykskomitees en wyksverteenwoordigers om insette en kommentare aan te moedig vir oorweging by die volle raadsvergadering op 28 Maart 2024.

8.2 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 VAN MFMA): OKTOBER TOT DESEMBER 2023 (7/1/2/2-2)

Die voorlegging van die kwartaalverslag aan die Raad word voorgeskryf deur Artikel 52(d) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

BESLUIT
(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdl R Jooste)

Dat kennis geneem word dat die kwartaalverslag op 25 Januarie 2024 by die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC) ter tafel gelê was en dat die MPAC, by wyse van verslagdoening aan die Raad, aanbeveel dat die Raad kennis neem van die kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur Artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die Topvlak Dienslewering en Begroting Implementeringsplan van die munisipaliteit vir die periode 1 Oktober 2023 tot 31 Desember 2023.

8.3 HALFJAARLIKSE BEGROTING- EN PRETASIE-EVALUASIE VAN DIE 2023/2024 FINANSIëLE JAAR (7/1/2/2-2)

Artikel 72(1) van die MFMA, Wet 56 van 2003 bepaal dat die rekenpligtige beampte teen 25 Januarie van elke jaar die prestasie van die Munisipaliteit gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar moet evalueer en aan die Uitvoerende Burgemeester voorlê.

Die Uitvoerende Burgemeester lê die Halfjaarlikse Begroting- en Prestasieverslag, soos opgestel in lyn met die voorskrifte van die Munisipale Begroting- en Verslagdoeningsregulasies (Algemene Kennisgewing 393 soos afgekondig in die Staatskoerant gedateer 17 April 2009), ter tafel.

(1) the financial statements;
(2) audit report from the Auditor General; and
(3) the annual performance report.

RESOLUTION
(proposed by Cllr N Smit, seconded by Cllr D G Bess)

(a) That cognisance be taken of the draft annual report in respect of the 2022/2023 financial year, as tabled in terms of section 127(2) of the MFMA, and of which the tabling is done in the format as prescribed by National Treasury's MFMA Circular 63 of 2012;

(b) That cognisance be taken of the following steps to be taken in terms of section 127 of the MFMA, being
   (i) disclosure of the annual report;
   (ii) inviting the public to submit representations in connection with the report;
   (iii) inviting the public and relevant organs of state to attend the council meeting on 28 March 2024, when the annual report and oversight report will be discussed;
   (iv) submission of the annual report to the Auditor-General, provincial treasury and the provincial department responsible for local government;

(c) That the MPAC, after the closing of comments on the annual report, undertake a detailed analysis of the representations received in order to compile the draft oversight report for consideration by the Council on 28 March 2024;

(d) That councillors who are not members of the MPAC take note that they should also be conducting their own review of the report by inter alia having discussions with their constituents, ward committees and ward representatives to encourage inputs and comments for consideration at the full council meeting on 28 March 2024.

8.2 QUARTERLY REPORT (SECTION 52 OF MFMA): OCTOBER TO DECEMBER 2023 (7/1/2/2-2)

The submission of the quarterly report to the Council is prescribed by Section 52 (d) of the Local Government: Municipal Financial Management Act, Act 56 of 2003 (MFMA).

RESOLUTION
(proposed by Cllr E C O'Kennedy, seconded by Cllr R Jooste)

That cognisance be taken that the quarterly report was tabled at the MPAC on 23 January 2024 and that the MPAC, by way of reporting to the Council, recommends that the Council takes note of the quarterly report as required by Section 52 of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003 in respect of the implementation of the budget as well as the performance against the Top Layer Service Delivery and Budget Implementation Plan of the municipality for the period 1 October to 31 December 2023.

8.3 MID-YEAR BUDGET AND PERFORMANCE ASSESSMENT OF THE 2023/2024 FINANCIAL YEAR (7/1/2/2-2)

Section 72(1) of the MFMA, Act 56 of 2003 provides that by 25 January of each year, the accounting officer shall evaluate the performance of the Municipality during the first half of the financial year and submit it to the Executive Mayor.

The Executive Mayor shall table the Mid-Year Budget and Performance Report, as prepared in line with the provisions of the Municipal Budget and Reporting Regulations (General Notice 393 as promulgated in the *Gazette* dated 17 April 2009).

BESLUIT
(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdl I S le Minnie)

Dat kennis geneem word van die halfjaarlikse begrotings- en prestasie-evaluasie met betrekking tot die eerste helfte van die 2023/2024 finansiële jaar en meer spesifiek die noodsaaklikheid om die oorspronklike begroting te hersien deur middel van 'n aansuiweringsbegroting.

8.4 VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE TOLKRAGTARIEF VIR 2023/2024 (5/4/1/3)

Die implementering van tolkragtariewe is 'n nuutheid vir munisipaliteite en is die konsep tolkragriglyne in Mei 2023 opgestel met beperkte inligting tot beskikking van die Munisipaliteit.

Swartland Munisipaliteit en Ekurhuleni Metro is aangewys as loodsprojekte om aan die navorsing deur Ernest & Young, SALGA en GIZ insake die implementering van tolkrag deel te neem.

Verder word daar ook op nasionale vlak, onder die vaandel van die President se Nasionele Energiekrisiskomitee, deur verskeie rolspelers gewerk aan 'n raamwerk wat aan NERSA voorgelê sal word vir implementering in Suid-Afrika.

Intussen is munisipaliteite aangewese uit die ondersoeke deur Ernest & Young om hul eie riglyne te ontwikkel. Tydens die bepaling van die 2023/2024 tolkragtarief is die maksimum aanvraagheffing foutiewelik ingesluit.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word die tariefwysiging beslis (in die afwesigheid van ses raadslede) met 13 raadslede ten gunste daarvan en vier raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Die aangeleentheid is tydens 'n vergadering van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gehou op 24 Januarie 2024 oorweeg en word die wysiging van die tolkragtarief, om die maksimum aanvraagheffing uit te sluit, ondersteun en word dus aanbeveel –

(a) Dat die Raad kennis neem van die fout in die bestaande tolkragtarief;

(b) Dat die wysiging van die tolkragtarief, om die maksimum aanvraagheffing uit te sluit, goedgekeur word;

(c) Dat die wysiging van die tolkragtarief geen nadelige impak op die begrote inkomste en geen impak op die algehele begroting van Swartland Munisipaliteit sal hê nie;

(d) Dat die insluiting van die gewysigde tolkragtarief in die 2023/2024 aansuiweringsbegroting goedgekeur word.

8.5 GOEDKEURING VAN DIE 2023/2024 HALFJAARLIKSE AANSUIWERINGS-KAPITAAL EN BEDRYFSBEGROTING (5/1/1/1, 5/1/1/2 – 23/24)

Die 2023/2024 Halfjaarlikse Aansuiweringskapitaal en -Bedryfsbegroting is tydens 'n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 24 Januarie 2024 oorweeg vir goedkeuring deur die Raad en word deur die Uitvoerende Burgemeester ter tafel gelê.

Die voorlegging van die aansuiweringsbegroting geskied ingevolge Artikel 28 van die MFMA, Wet 56 van 2003 nadat die prestasie van die Munisipaliteit gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar geëvalueer is – verwys item 8.3.

Die Speaker bring/…

RESOLUTION
(proposed by Ald J H Cleophas, seconded by Cllr I S le Minnie)

That cognizance be taken of the mid-year budget and performance assessment i.r.o. the first half of the 2023/2024 financial year and more specifically the need to revise the original budget by way of an adjustments budget.

8.4 PROPOSED AMENDMENT TO THE WHEELING RATE FOR 2023/2024 (5/4/1/3)

The implementation of a wheeling tariff is a novelty for municipalities, and the draft guidelines were drawn up in May 2023 with limited information available to the Municipality.

Swartland Municipality and Ekurhuleni Metro have been selected as pilot projects to participate in Ernest & Young, SALGA, and GIZ's research on the implementation of wheeling.

Furthermore, under the auspices of the President's National Energy Crisis Committee, various stakeholders are working on a national framework that will be submitted to NERSA for implementation in South Africa.

Meanwhile, municipalities are dependent on the surveys by Ernest & Young to develop their own guidelines. During the determination of the 2023/2024 wheeling tariff, the maximum demand charge was erroneously included.

The Speaker brings the matter to vote, and the decision is that the tariffs will be amended (in the absence of six councillors) with 13 councillors in favour and four councillors abstaining from voting.

RESOLUTION
(proposed by Ald T van Essen, seconded by Cllr A K Warnick)

(a) That the Council take note of the error in the existing wheeling tariff;

(b) That the amendment of the Wheeling tariff to exclude the demand charge be approved;

(c) That the amendment of the Wheeling Tariff will have no adverse impact on the budgetted revenue and no impact on the overall budget of Swartland Municipality;

(d) That the inclusion of the amended Wheeling Tariff in the 2023/2024 Adjustment Budget be approved.

8.5 APPROVAL OF THE 2023/2024 MID-YEAR ADJUSTMENTS CAPITAL AND OPERATING BUDGET (5/1/1/1, 5/1/1/2 – 23/24)

The 2023/2024 Mid-Year Adjustment Capital and Operating Budget was considered for approval by the Council at an Executive Mayoral Committee meeting held on 24 January 2024 and tabled by the Executive Mayor.

The presentation of the adjustment budget shall be made per section 28 of the MFMA, Act 56 of 2003 after the performance of the Municipality during the first half of the financial year has been evaluated – reference item 8.3.

The Speaker brings/…

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en die 2023/2024 Halfjaarlikse Aansuiweringskapitaal en -Bedryfsbegroting word beslis (in die afwesigheid van ses raadslede) met 13 raadslede ten gunste daarvan en vier raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat kennis geneem word dat die Begrotingsbeheerkomitee vergader het om die verduidelikings en motivering van die finansiële personeel en ander direkteure te oorweeg in 'n poging om die Uitvoerende Burgemeester te adviseer insake die pad vorentoe;

(b) Dat die Raad kennis neem van die voorgestelde aanpassing (wat verband hou met artikel 19) ten opsigte van die *Construction of New Roads* in die Swartland en die *Malmesbury De Hoop 132/11kV Substation* projek **(Annexure A-2: Capital Projects ito Sec 19)**;

(c) Dat goedkeuring verleen word om die hoë-vlak kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2023/2024 as volg te wysig, ingesluit ‘n wysiging aan die 2024/2025 kapitaalbegroting en met geen ander wysigings aan die buite jare nie:

	Oorspronklike Begroting 2023/24	**Spesiale Aansuiwerings begroting 2023/24**	**Half-Jaar Aansuiwerings begroting 2023/24**	**Aansuiwerings begroting 2024/25**	**Oorspronklike Begroting 2025/26**
Kapitaalbegroting	209 052 395	240 803 827	248 689 919	225 529 245	208 303 329
Bedryfsuitgawes	1 071 330 062	1 073 385 062	1 071 352 206	1 174 132 994	1 371 930 505
Bedryfsinkomste	1 192 485 181	1 222 223 458	1 252 422 713	1 311 049 716	1 489 696 468
Begrote (Surplus)/ Tekort	**(121 155 119)**	**(148 838 396)**	**(181 070 507)**	**(136 916 722)**	**(117 765 963)**
Minus: Kapitaal Toekennings en Donasies	107 386 943	135 980 220	119 908 999	115 594 000	91 660 000
(Surplus)/ Tekort	**(13 768 176)**	**(12 858 176)**	**(61 161 508)**	**(21 322 722)**	**(26 105 963)**

(d) Dat kennis geneem word dat die veranderinge in die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2023/2024 finansiële jaar nie, maar sal lei tot ‘n verhoging in die begrote netto surplus van R12 858 176 na ‘n begrote netto surplus van R61 161 508;

(e) Dat die ongemagtigde uitgawe van R5 556 386 vir die 2022/2023 finansiële jaar gemagtig word as deel van die aansuiweringsbegroting in lyn met artikel 32(2)(a)(i) van die Wet;

(f) Dat die aangepaste begrotingskedules soos vereis deur die Begroting en Verslagdoening Regulasies goedgekeur word soos vervat in **(Annexure C: Budget Report and B-Schedules 2023/24 – 2025/26)**;

(g) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

(h) Dat die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) toepaslik dienooreenkomstig gewysig word.

8.6/...

The Speaker brings the matter to vote, and the 2023/2024 Mid-year Adjustment Capital and Operating Budget is decided (in the absence of six council members) with 13 council members in favour and four council members abstaining from voting.

RESOLUTION
(proposed by Ald J H Cleophas, seconded by Cllr N Smit)

(a) That it be noted that the Budget Steering Committee convened to consider the explanations and motivations provided by the financial staff and other directors in a bid to advise the Executive Mayor on way forward;

(b) That council takes note of the proposed adjustment (as it relates to Section 19) in respect of the Construction of New Roads in the Swartland and the Malmesbury De Hoop 132/11kV Substation project **(Annexure A-2: Capital Projects ito Sec 19)**;

(c) That approval be granted to amend the high-level capital and operating budget for 2023/2024, with an amendment to the 2024/2025 capital budget and no other amendments to the outer years, as follows:

	Original Budget 2023/24	**Special Adj Budget 2023/24**	**Mid-Year Adj Budget 2023/24**	**Adjustments Budget 2024/25**	**Original Budget 2025/26**
Capital budget	209 052 395	240 803 827	248 689 919	225 529 245	208 303 329
Operating Expenditure	1 071 330 062	1 073 385 062	1 071 352 206	1 174 132 994	1 371 930 505
Operating Revenue	1 192 485 181	1 222 223 458	1 252 422 713	1 311 049 716	1 489 696 468
Budgeted (Surplus)/ Deficit	**(121 155 119)**	**(148 838 396)**	**(181 070 507)**	**(136 916 722)**	**(117 765 963)**
Less: Capital Grants and Donations	107 386 943	135 980 220	119 908 999	115 594 000	91 660 000
(Surplus)/ Deficit	**(13 768 176)**	**(12 858 176)**	**(61 161 508)**	**(21 322 722)**	**(26 105 963)**

(d) That it be noted that the changes to the budget will have no impact on tariffs in respect of the 2023/2024 financial year or beyond but will result in an increased budgeted net surplus from R12 858 176 to a budgeted net surplus of R61 161 508;

(e) That the unauthorised expenditure of R5 556 386 for the 2022/2023 financial year be authorised in this adjustments budget in line with section 32(2)(a)(i) of the Act;

(f) That the adjusted budget schedules as required by the Budget and Reporting Regulations be approved as set out in **(Annexure C: Budget Report and B-Schedules 2023/24– 2025/26)**;

(g) That the Director: Financial Services adhere to the requirements of the Budget Circulars and Budget Reforms in the context of the reporting requirements to Provincial and National Treasury;

(h) That the Service Delivery Budget Implementation Plan (SDBIP) where appropriate be amended accordingly.

8.6 VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT: VERORDENING INSAKE MUNISIPALE GRONDGEBRUIKBEPLANNING (PK 8226 GEDATEER 20 MAART 2020) (1/1/1/3/14)

Die wysiging van die Swartland Munispaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning is deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 24 Januarie 2024 oorweeg vir aanbeveling aan die Raad.

Die wysigings handel met sekere strafbepalings en die vasstelling van handelsure vir huiswinkels.

Die voorgestelde wysigings van die Verordening word deur die Speaker tot stemming gebring en beslis met 14 raadslede ten gunste daarvan en drie raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdd M van Zyl)

(a) Dat die voorgestelde wysiging van die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020) goedgekeur word, naamlik:

Artikel 96(1): 'n Persoon mag van 'n misdryf beskuldig word en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf of met beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf indien hy of sy –
Artikel 96(1)(a): artikels 25(1), ~~25(5)~~ 25(4), 30(1), 31(4), 41(1), 69(3), 72(2) of 98(2) oortree of versuim om daaraan te voldoen (*wysiging*);
Artikel 96(1)(h): Versuim om te voldoen aan enige van die voorwaardes opgelê in terme van Skedule 2 tot hierdie verordening (*toevoeging*); en

Skedule 2 (Swartland Munisipaliteit Ontwikkelingsbestuur Skema) – Residensiële sone 2: Medium Digtheid (R2), paragraaf 1.2.7(g): Die handelsure van 'n huiswinkel sal wees vanaf 06:00 tot 21:00 en mag nie verleng word nie (*toevoeging*);

(b) Dat, na beginselgoedkeuring deur die Raad, die wysiging van die verordening vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselswet, 2000 in die plaaslike media en op die munisipale webtuiste.

8.7 WYSIGINGS VAN DIE VOORSIENINGKANAALBESTUURSBELEID (8/1/B/2)

Daar is gedurende Desember 2023 gewysigde Voorsieningkanaalbestuursregulasies afgekondig, onder andere, dat formele skriftelike kwotasies ingewin moet word vir transaksies tussen R2000 en R300 000 (BTW ingesluit) en 'n mededingende tenderproses gevolg moet word vir transaksies bo R300 000 (BTW ingesluit).

Die Raad se Voorsieningkanaalbestuursbeleid is dienooreenkomstig die wysigings soos bepaal deur die Regulasies opgedateer.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en die wysigings aan die Voorsieningkanaalbestuursbeleid word beslis met 13 stemme ten gunste daarvan en vier raadslede wat buite stemming bly)

BESLUIT
(Op voorstel van rdl D C Pypers, gesekondeer deur rdd M van Zyl)

(a) Dat die voorgestelde wysigings aan die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, soos aangetoon in Aanhangsel B, wat veroorsaak is deur wysigings aan die Voorsieningkanaalbestuursregulasies (paragrawe 12, 16-19, 35) met ingang van 14 Desember 2023 goedgekeur word;

(b) Dat die voorgestelde wysigings aan die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, soos voorgehou in Aanhangsel B, met verwysing na die oorsigrol van bestuur (paragrawe 2(6) en 36) met ingang van 1 Februarie 2024 goedgekeur word.

8.6 PROPOSED AMENDMENT OF THE SWARTLAND MUNICIPALITY: MUNICIPAL LAND USE PLANNING BY-LAW (PK 8226 DATED 20 MARCH 2020) (1/1/1/3/14)

The amendment of the Swartland Municipality: By-law on Municipal Land Use Planning was considered by the Executive Mayoral Committee on 24 January 2024 for recommendation to the Council.

The amendments deal with certain penalties and setting trading hours for home shops.

The Speaker brings proposed amendments to the By-law to vote; 14 councillors are in favour, and three councillors abstain.

RESOLUTION
(proposed by Cllr A K Warnick, seconded by Ald M van Zyl)

(a) That the below amendment of the Swartland Municipal: By-law regarding Municipal Land Use Planning (PG 8226 of 25 March 2020) be approved, namely:

Section 96(1): A person may be accused of an offence and is liable upon conviction to a fine or imprisonment or to both a fine and such imprisonment if he or she –
Section 96(1)(a): contravenes or fails to comply with sections 25(1), ~~25(5)~~ 25(4), 30(1), 31(4), 41(1), 69(3), 72(2) of 98(2) (*amendment*);
Section 96(1)(h): Failure to comply with any of the conditions imposed in terms of Schedule 2 to this by-law (*addition*); and

Schedule 2 (Swartland Municipality Development Management Scheme – Residential zone 2: Medium Density (R2), paragraph 1.2.7(g): The trading hours of the house shop will be from 07:00 to 20:00 and may not be extended (*addition*); and

(b) That, following on in principle approval by the Council, the amendment of the By-law be published for public comment in terms of section 12(3)(b) of the Systems Act, 2000 in both the local media and on the municipal website.

8.7 AMENDMENTS TO THE SUPPLY CHAIN MANAGEMENT POLICY (8/1/B/2)

During December 2023, amended Supply Chain Management Regulations were promulgated, inter alia, that formal written quotes must be obtained for transactions between R2 000 and R300 000 (including VAT), and a competitive tendering process must be followed for transactions above R300 000 (including VAT).

The Council's Supply Chain Management Policy has been updated accordingly with the amendments as provided for in the Regulations.

The Speaker brings the matter to vote, and the amendments to the Supply Chain Management Policy are decided by 13 votes in favour and four councillors abstaining.

RESOLUTION
(proposed by Cllr D C Pypers, seconded by Ald M van Zyl)

(a) That the proposed amendments to Council's Supply Chain Management Policy, as presented in Appendix B, due to the amendments of the Supply Chain Management Regulations (Paragraphs 12, 16-19, 35) be approved with effect from 14 December 2023;

(b) That the proposed amendments to Council's Supply Chain Management Policy, as presented in Appendix B, in respect of management's oversight responsibilities (Paragraphs 2(6) and 36) be approved with effect from 1 February 2024.

8.8 VOORGESTELDE UIT-DIE-HAND-VERVREEMDING VAN GEDEELTES VAN ERWE 2267 EN 2244, RIEBEEK-WES (12/2/5/2-12/1)

‘n Versoek is ontvang vanaf Group 35 (Pty) Ltd, die eienaar van Erf 2106, Riebeek-Wes om gedeeltes van die aanliggende munisipale eiendom tot hul erf te bekom. Die betrokke gedeeltes is Erf 2244 en Erf 2267, Riebeek-Wes (±0.9949 ha groot) wat tans as publieke oopruimtes gesoneer is.

Die Group 35 Foods beoog om hulle aanleg uit te brei weens verhoogde produksie met gepaardgaande werkskepping vir die gemeenskap van Riebeek-Wes.

Daar word bevestig dat die Munisipaliteit nie die grond benodig vir minimum basiese munisipale dienste nie en word voorgestel dat die grond by wyse van uit-die-hand-vervreemding aan die aansoekers beskikbaar gestel word teen ‘n reserweprys van R100/m².

BESLUIT
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat die Raad goedkeuring verleen in terme van die toepaslike Verordening asook Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat gedeeltes van Erwe 2244 en 2267, Riebeek-Wes (± 0.9949 ha groot) uit-die-hand-uit vervreem en oorgedra word aan Group 35 (Pty) Ltd vir konsolidasie met Erf 2106, en wel ten bedrae van R100/m², BTW uitgesluit, onderhewig aan die voorwaardes hierin vermeld;

(b) Dat kennis geneem word dat die tersaaklike eiendomme in geen stadium vir die verskaffing van ‘n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig was of word nie;

(c) Dat die volgende redes genotuleer word vir die uit-die-hand vervreemding soos voormeld, sonder om ‘n openbare mededingingsproses te deurloop:
   (i) Die tersaaklike eiendomme as ‘nie-bestaanbare bates’ kwalifiseer deurdat dit as gevolg van fisiese beperkings nie op hul eie as afsonderlike entiteite ontwikkel kan word nie en slegs funksioneel raak indien dit vervreem word aan ‘n aangrensende eienaar vir gebruik tesame met sy of haar eiendom, soos voorgestel;
   (ii) Die voorgestelde samesmelting van die tersaaklike eiendomme met Erf 2106 en die aanwending daarvan vir kommersiële doeleindes, aansluit by Strategiese Doelwit 2 van die 2023 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan, naamlik om ekonomiese transformasie te ontsluit, om as sulks mobiliteit en ekonomiese skakels te verstewig en om die ekonomiese potensiaal van Swartland-wyke (in hierdie geval wyk 3) te fasiliteer;
   (iii) Die eiendomme in hul huidige formaat nie enige ekonomiese of ander voordeel vir die Munisipaliteit inhou nie, en slegs by konsolidasie met Erf 2106 bydraend sal wees tot die ekonomiese voordeel wat die huidige aanwending van Erf 2106 vir die betrokke gemeenskap inhou, wat baat uit werksgeleenthede op die eiendom, soos gemotiveer deur die koper;

(d) Dat die transaksie onderhewig sal wees aan die volgende voorwaardes:
   (i) Die koper sal, benewens die koopprys, verantwoordelik wees vir alle aanvullende en toevallige kostes wat uit die transaksie mag voortspruit, ingesluit advertensiekostes, oordragkostes en die kostes wat verband hou die relevante grondgebruiksaansoeke (waaronder onderverdeling, hersonering) asook kostes van konsolidasie en pad-sluiting;
   (ii) Enige verbeterings op die tersaaklike eiendomme slegs mag geskied met toestemming van die Munisipaliteit en met inagneming van bestaande serwitute en dienste-installasies, waaronder die volgende en vir welke kostes die koper aanspreeklik sal wees:
      - Die formalisering van die munisipale stormwaterstelsel oor Langstraat wat deur die voorgestelde konsolidasie geaffekteer sal word, voor afvoering daarvan en aansluiting by die bestaande munisipale grondkanaal, om ontwerp te word deur ‘n professionele ingenieur en oorgesien/goedgekeur te word tydens konstruksie, en

8.8 PROPOSED OUT-OF-HAND DISPOSAL OF PORTIONS OF PLOTS 2267 AND 2244, RIEBEEK WEST (12/2/5/2-12/1)

A request has been received from Group 35 (Pty) Ltd, the owner of Erf 2106, Riebeek West, to acquire portions of the adjacent municipal property to their yard. The affected sections are Erf 2244 and Erf 2267, Riebeek West (±0.9949 ha), currently zoned as public open spaces.

Group 35 Foods plans to expand their plant due to increased production with associated job creation for the community of Riebeek West.

It is confirmed that the Municipality does not require the land for minimum essential municipal services, and it is proposed that the land be made available to the applicants by way of out-of-hand disposal at a reserve price of R100/m^2.

RESOLUTION
(proposed by Cllr N Smit, seconded by Cllr D G Bess)

(a) That approval be granted by Council in terms of the applicable By-law as well as Section 14 of the Municipal Finance Management Act, 2003 for portions of Erven 2244 and 2267, Riebeek West (± 0.9949 ha in extent) to be alienated and transferred out of hand to Group 35 (Pty) Ltd for consolidation with Erf 2106, at the amount of R100/m², excluding VAT, subject to the conditions hereinafter;

(b) That cognizance be taken that the subject properties have at no stage been required for the provision of a minimum or any other level of basic municipal services;

(c) That the following reasons be recorded for the out-of-hand alienation as above and for not undergoing a competitive process:
   - (i) The subject properties qualify as 'non-viable land' in that due to physical constraints they cannot be developed on their own and only becomes functional if alienated to an adjoining owner for usage in conjunction with his or her property, as proposed;
   - (ii) The proposed merging of the subject properties with Erf 2106 and the use of same for commercial purposes, links up with Strategic Goal 2 of the 2023 Integrated Development Plan, namely to unlock economic transformation, and as such to strengthen mobility and economic links and to facilitate the economic potential of Swartland wards (in this instance ward 3);
   - (iii) The properties in their existing shape do not have any economic or other benefit for the Municipality, and only by consolidation with Erf 2106 will contribute to the economic benefit derived from the present use of the Erf 2106 by means of job opportunities created for the community, as motivated by the purchaser;

(d) That the transaction shall be subject to the following conditions:
   - (i) The purchaser, in addition to the purchase price, shall be responsible for all costs ancillary and incidental to this transaction, including advertisement costs, transfer costs and costs related to the relevant land use applications (including subdivision, rezoning) as well as the costs of consolidation and road closure;
   - (ii) Any improvements to the subject properties may only take place with the permission of the Municipality and by taking into account existing servitudes and service installations, amongst which the following, for which costs the purchaser shall be responsible:
     - The formalization of the municipal storm water system over Long Street that will be affected by the proposed consolidation, before discharging and connecting to the existing municipal earth channel, to be designed by a professional engineer and supervised/approved during construction and subject to these plans being submitted to the Civil Engineering Department for approval. Further, to ensure that this portion of the pipe remains functioning effectively in accordance with the storm water by-law;

verder onderhewig daaraan dat hierdie planne aan die Siviele Ingenieursdepartement voorgelê sal word vir goedkeuring. Verder, om te verseker dat hierdie gedeelte van die pyp effektief bly funksioneer in ooreenstemming met die stormwaterverordening;

- Die indiening van ingenieursverslae, welke verslae die ipak van die konsolidasie en fabrieksuitbreidings op die bestaande munisipale dienste moet aanspreek, onder andere toegang vir die munisipale riooltenkers tot die rioolopgaartenk wat op Erf 2106 geleë is;

(iii) Voldoening deur die koper aan alle voorwaardes wat as deel van die grondgebruiksgoedkeuring, indien uitgereik, neergelê mag word;

(iv) Eienaarskap van die grond nie die koper vrystel van enige verpligtinge teenoor ander owerhede, en dus nie enige regte van lg. of enige ander owerhede ontneem ten opsigte van die betrokke grondgedeeltes nie;

(e) Dat die voorgenome transaksie in die media geadverteer word vir kommentaar en/of potensiële besware, en dat die uitvoerende burgemeester met volmag beklee word om in oorlegpleging met sy komitee te handel met enige besware wat ontvang sou word;

(f) Dat alvorens die voorneme geadverteer word, daar eers skriftelike bevestiging van die koper bekom word dat hulle tot die voorwaardes soos vervat in hierdie verslag, instem;

(g) Dat volmag verleen word aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die verkoop-ooreenkoms te mag finaliseer en onderteken.

8.9 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN SAKEPERSEEL (ERF 1308) TE ABBOTSDALE (12/2/5/2-1/4)

Die vervreemding van Erf 1308, Abbotsdale word voorgestel na aanleiding van belangstelling wat getoon is deur lede van die Abbotsdale gemeenskap om die eiendom te bekom.

Die sonering van Erf 1308, geleë in Jasmynstraat (regoor die openbare Biblioteek), Abbotsdale is Besigheidsone 1: Algemene Besigheid, welke sonering se oogmerk is om vir besigheidsgeleenthede voorsiening te maak wat stedelike lewensvatbaarheid en ekonomiese groei bevorder.

Daar word voorgestel om Erf 1308, Abbotsdale by wyse van openbare tender vir vervreemding aan te bied.

BESLUIT
(op voorstel van rdl I S le Minnie, gesekondeer deur rdl A M Williams)

(a) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 en die Verordening en Beleid insake Oordrag van Munisipale Bates dat finansiële aanbiedinge by wyse van openbare tender gevra word vir die vervreemding van die volgende vakante onroerende eiendom in Abbotsdale, gesoneer Sakesone 1: Algemene Sake:
- Erf 1308, Jasmynstraat 6, Abbotsdale (318 m² groot)

(b) Dat kennis geneem word dat die eiendom wat te koop aangebied staan te word in geen stadium vir die verskaffing van ‘n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste geoormerk is nie;

(c) Dat die reserweprys (BTW uitgesluit) vir die eiendom vasgestel word soos volg, welke reserweprys deur die Raad geag word die markwaarde daarvan billik te reflekteer:
- Erf 1308 R56 000,00

(d) Dat die koper, benewens die koopprys, verantwoordelik sal wees vir alle aanvullende en toevallige kostes wat uit die transaksie mag voortspruit;

- The submission of engineers' reports, which reports are to address the impact of the consolidation and extensions to the factory on the existing municipal services, i.a. access for municipal sewage tankers to the sewage storage tank located on Erf 2106;

(iii) Compliance by the purchaser with all conditions that may be imposed as a result of the land use approval, if issued;

(iv) Ownership of the land does not exempt the purchaser from any obligations towards other authorities, and it therefore does not deprive the latter or any other authorities from any rights pertaining to the specific portion of land;

(e) That the proposed transaction be advertised in the media for public comments and/or potential objections, and the executive mayor (in consultation with his committee) be authorized to deal with any objections that may be forthcoming;

(f) That before the intention is advertised, written confirmation first be obtained from the purchaser that they agree to the conditions as provided for in this report;

(g) That the Director: Corporate Services be authorized to finalise the conditions of sale, and to sign the deed of sale on the Municipality's behalf.

8.9 PROPOSED DISPOSAL OF BUSINESS PREMISES (ERF 1308) AT ABBOTSDALE (12/2/5/2-1/4)

The disposal of Erf 1308, Abbotsdale, is proposed following interest shown by members of the Abbotsdale community to acquire the property.

The zoning of Erf 1308, located on Jasmine Street (adjacent to the Public Library), Abbotsdale, is Business Zone 1: General Business, which aims to provide business opportunities that promote urban viability and economic growth.

It is proposed to offer Erf 1308, Abbotsdale, for disposal by public tender.

RESOLUTION
(proposed by Cllr I S le Minnie, seconded by Cllr A M Williams)

(a) That in-principle approval be granted by Council in terms of Section 14 of the Municipal Finance Management Act, 2003 and the By-law and Policy relating to the Transfer of Municipal Assets for financial offers to be called by means of public tenders for the disposal of the following vacant immovable property in Abbotsdale, zoned Business Zone 1: General Business:
- Erf 1308, 6 Jasmyn Street, Abbotsdale (318 m² in extent);

(b) That cognizance be taken that the property to be sold has at no stage been earmarked for the provision of a minimum or any other level of basic municipal services;

(c) That the reserve price (VAT exclusive) for the property be determined as follows, which reserve price is considered by Council to fairly represent the market value of same:

- Erf 1308 R56 000,00;

(d) That the purchaser, in addition to the purchase price, shall be responsible for all costs ancillary and incidental to this transaction;

(e) Dat die voorgenome transaksie in die media geadverteer word vir kommentaar en/of potensiële besware;

(f) Dat volmag verleen word
   (i) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om
      - te handel met enige kommentaar en/of beswaar wat in verband met die voorgenome transaksie ontvang word; en om
      - 'n besluit te finaliseer rakende die oordrag van die bate, nadat alle toepaslike Voorsieningskanaal- en ander wetlike voorskrifte gevolg is;
   (ii) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die voorwaardes van verkoop vir tenderdoeleindes te finaliseer in oorlegpleging met al die tersaaklike interne rolspelers;

(g) Dat goedkeuring verder verleen word dat indien bogemelde eiendom onverkoop bly na afloop van die betrokke mededingende proses, dit uit-die-hand-uit op 'n '*first come first serve*' basis verkoop mag word teen die reserweprys of hoër, mits die reserweprys ooreenstem met billike markwaarde (gebaseer op die munisipale waardasie van die eiendomme op die stadium van vervreemding), en met dien verstande verder dat dieselfde opskortende voorwaardes wat in die koopooreenkoms vervat staan te word, op die kooptransaksie van toepassing gemaak word.

8.10 AANSTELLING VAN LEDE VAN DIE WAARDASIE APPèLRAAD (15/2/2/1)

Die termyn van die lede op die Swartland Waardasie Appèlraad verstryk op 31 Maart 2024.

Die aanstelling van lede word gereguleer deur Artikels 57 en 58 van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, Wet 12 van 2007 en berus die aanstelling van lede by die Minister van Plaaslike Regering.

Skriftelike aansoeke vanaf bekwame en behoorlik gekwalifiseerde persone met voldoende kennis en ervaring in die waardasie van eiendom is uitgenooi om as voorsitter en lede van die Swartland Waardasie Appèlraad te dien en 'n totaal van vyf aansoeke is ontvang.

BESLUIT
(op voorstel van rdd M van Zyl, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

(a) Dat die Raad goedkeuring verleen dat die name van die volgende persone aan die Minister van Plaaslike Regering vir aanstelling as voorsitter en lede van die Swartland Munisipaliteit se Waardasie Appèlraad voorgelê word, naamlik:

(i)	Adv W Zybrands	:	Voorsiter
(ii)	Mnr P A Gerber	:	Waardeerder/Lid
(iii)	Mnr T Retief	:	Waardeerder/Lid
(iv)	Mnr L Pool	:	Sekundi/Waardeerder/Lid

(b) Dat die voormelde persone vir 'n termyn van vier jaar op die Swartland Munisipaliteit se Waardasie Appèlraad aangestel word.

8.11 AANSTEL VAN PERSONEEL IN DIE BOUBEHEERAFDELING (15/4/1)

Mnr B Groeneveld is met ingang van 1 April 2021 as Hoof: Boubeheerbeampte aangestel.

Die verslag het ten doel om 'n waarnemende boubeheerbeampte aan te stel om te voldoen aan die vereistes van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, Wet 103 van 1977.

Besluit/...

(e) That the proposed transaction be advertised in the media for public comments and/or potential objections;

(f) That authorization be given as follows:
 (i) to the Executive Mayoral Committee to
  - to deal with any comments and/or objections received in respect of the proposed transaction and
  - to finalise a decision regarding the transfer of the asset after all applicable Supply Chain and other legal prescripts have been complied with;
 (ii) to the Director: Corporate Services to finalise the conditions of sale for tender purposes with all the relevant internal role-players;

(g) That approval be granted that should the property remain unsold after the competitive process, it be sold out-of-hand on a 'first come first serve' basis at the reserve price or higher, provided that the reserve price corresponds with fair market value (based on the municipal valuation of the property when alienation takes place), and provided further that the same suspensive conditions to be included in the deed of sale, shall apply to such transaction.

8.10 APPOINTMENT OF MEMBERS OF THE VALUATION APPEAL BOARD (15/2/2/1)

The term of members of the Swartland Valuation Appeal Board expires on 31 March 2024.

The appointment of members is regulated by sections 57 and 58 of the Local Government: Municipal Property Tax Act, Act 12 of 2007. The appointment of members is based on the Minister of Local Government.

Written applications from competent and suitably qualified persons with sufficient knowledge and experience in property valuation were invited to serve as chairperson and members of the Swartland Valuation Board of Appeal. A total of five applications were received.

RESOLUTION
(proposed by Ald M van Zyl, seconded by Cllr J M de Beer)

(a) That Council grant approval that the names of the following persons has to be submitted to the Minister of Local Government for appointment as chairperson and members of the valuation appeal board of Swartland Municipality:
 (i) Adv W Zybrands : Chairperson
 (ii) Mr P A Gerber : Valuer/Member
 (iii) Mr T Retief : Valuer/Member
 (iv) Mr L Pool : Secundi/Valuer/Member

(b) That the aforementioned persons be appointed to the Swartland Municipality's Valuation Appeal Board for a term of four years.

8.11 APPOINTMENT OF STAFF IN THE BUILDING CONTROL DEPARTMENT (15/4/1)

Mr B Groeneveld has been appointed Chief: Building Control Officer effective 1 April 2021.

The report seeks to appoint an Acting Building Control Officer to meet the requirements of the National Building Regulations and Standards Act, Act 103 of 1977.

Resolution/...

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat mnr M J Jacobs aangestel word om die funksies van Boubeheerbeampte te verrig in die afwesigheid van mnr B Groenewald ooreenkomstig Artikel 5(i) van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, Wet 103 van 1977;

(b) Dat die aanstelling van me E Juries gekanselleer word;

(c) Dat die Raad se Delegasiestelsel dienooreenkomstig opgedateer word.

8.12 GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE: VERKLARING AVN BELANGE (3/1/1)

Die Gedragskode vir Raadslede soos vervat in Bylae 7 van die Munisipale Strukturewet, bepaal, onder andere, dat raadslede op ‘n jaarlikse basis hul belange moet verklaar, ingesluit geskenke wat deur ‘n raadslid ontvang was.

Die 2023 Regulasies bepaal dat die belange vir ‘n kalendarjaar verklaar moet word en daarom word daar van raadslede vereis om belange vir die periode 1 Januarie 2023 tot 31 Desember 2023 te verklaar.

BESLUIT

(a) Dat raadslede kennis neem van die bepalings ingevolge items 6 tot 8 van die Gedragskode vir Raadslede;

(b) Dat raadslede kennis neem dat die aard of detail van die finansiële belange van ‘n raadslid soos na verwys in Item 8 van die Gedragskode vir Raadslede, **jaarliks op skrif aan die Munisipale Bestuurder verklaar moet word**, ingesluit geskenke wat deur ‘n raadslid ontvang word en wat in waarde R1 000,00 oorskry;

(c) Dat kennis geneem word dat die verklaring soos na verwys in paragraaf (b), teen nie later nie as Woensdag, 14 Februarie 2024 by die Direkteur: Korporatiewe Dienste ingedien moet word.

GETEKEN:
SPEAKER

RESOLUTION
(proposed by Ald T van Essen, seconded by Cllr D G Bess)

(a) That mr M J Jacobs be appointed to perform the functions of Building Control Officer in the absence of Mr B Groeneveld, in accordance with section 5(i) of the National Building Regulations and Building Standards Act nr. 103/1977;

(b) That the appointment of Ms E Juries be cancelled;

(c) That Council's Delegation System be updated accordingly.

8.12 CODE OF CONDUCT FOR BOARD MEMBERS: STATEMENT OF INTERESTS (3/1/1)

The Code of Conduct for Councillors in Schedule 7 of the Municipal Structure Act provides, inter alia, that councillors must declare their interests annually, including gifts received by a councillor.

The 2023 Regulations stipulate that the interests must be declared for a calendar year; therefore, council members must declare interests from 1 January 2023 to 31 December 2023.

RESOLUTION

(a) That councillors take cognisance of the requirements in terms of Item 6 to 8 of the Code of Conduct;

(b) That councillors take cognisance that the nature or detail of the financial interests of a councillor referred to in Item 8 of the Code of Conduct for Councillors, must be **declared in writing to the Municipal Manager**, including gifts received by such councillor in excess of R1 000,00;

(c) That cognisance be taken that the declaration referred to in paragraph (b) must be submitted to the Director: Corporate Services by no later than Wednesday 14 February 2024.

SIGNED:
SPEAKER

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 13 DESEMBER 2023 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl D G Bess
Rdh T van Essen
Rdl N Smit
Rdl A K Warnick

Ander raadslede:
Speaker, rdh M A Rangasamy

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Senior Bestuurder: Ontwikkelingsbestuur, mnr A M Zaayman
Senior: Bestuurder: Begrotingskantoor, me H Papier
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Uitvoerende Burgemeester verwelkom almal teenwoordig en versoek die Uitvoerende Onderburgemeester om die vergadering met gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 15 NOVEMBER 2023

BESLUIT
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 15 November 2023 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

MINUTES OF A MEETING OF THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE HELD IN THE BANQUET HALL, MALMESBURY, ON WEDNESDAY, 13 DECEMBER 2023 AT 10:00

PRESENT:

Executive Mayor, Ald J H Cleophas (chairperson)
Executive Deputy Mayor, Cllr J M de Beer
Members of the Mayoral Committee:
Cllr D G Bess
Ald T van Essen
Cllr N Smit
Cllr A K Warnick

Other council members:
Speaker, Ald M A Rangasamy

Officials:
Municipal Manager, Mr J J Scholtz
Director: Civil Engineering Services, Mr L D Zikmann
Director: Electrical Engineering Services, Mr T Möller
Director: Corporate Services, Ms M S Terblanche
Director: Protective Services, Mr P A C Humphreys
Senior manager: Development Management, Mr A M Zaayman
Senior: Manager: Budget Office, Ms H Papier
Manager: Secretariat and Records, Ms N Brand

1. OPENING

The Executive Mayor welcomes all present and requested the Executive Deputy Mayor to open the meeting with prayer.

2. LEAVE OF ABSENCE

The committee is fully attended.

3. SUBMISSIONS/DELEGATIONS/SPEAKING ENGAGEMENTS

None.

4. MINUTES

4.1 MINUTES OF AN ORDINARY EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE MEETING HELD ON 15 NOVEMBER 2023

RESOLUTION
(proposal by Cllr N Smit, seconded by Cllr D G Bess)

That the minutes of an Ordinary Executive Mayoral Committee meeting held on 15 November 2023 be approved and signed by the Mayor.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

5.1 ITEM 7.2: KONSEP WYKSKOMITEE: TOEKENNINGSBELEID (3/4/4/B)

BESLUIT

(a) Dat die item terugverwys word in afwagting op verdere kommentaar/insette op die konsep Wykskomitee: Toekenningsbeleid;

(b) Dat, vir die 2024/2025 finansiële jaar en met in ag neming van die doelstellings van die Wykskomitee Toekenningsbeleid, 'n verkorte proses in oorleg met die onderskeie wykskomitees gevolg word om projekte ingevolge paragraaf 6 te identifiseer, bv. om op 'n spesifieke tema per dorp of streek te fokus.

6. MAANDVERSLAG: OKTOBER 2023

6.1 MUNISIPALE BESTUURDER (7/1/2/2-7)

Rdh T van Essen noem dat die SDBIP wat uit die nuwe stelsel gegenereer word gebrekkig is, bv. geen tydskale vir die voltooiing van projekte nie, en kan 'n doeltreffende oorsigrol nie vervul word met onvolledige inligting nie.

Die Munisipale Bestuurder noem dat daar 'n interaksie plaasgevind het met die diensverskaffer en onderskrywers van die program om die Munisipaliteit se behoeftes, gebaseer op die detail inligting van die vorige stelsel, deur te gee. Daar is onderneem om die nodige wysigings aan die program aan te bring teen einde Januarie 2024.

Die Munisipale Bestuurder noem verder dat daar tydens die laaste MinMay-vergadering voorgestel is om Swartland Munisipaliteit se opgedateerde SDBIP as voorbeeld in die Provinsie te gebruik om projekte te monitor, maar is daar nie sekerheid of die voorstel aanvaar sal word nie.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Kantoor van die Munisipale Bestuurder ten opsigte van Oktober 2023.

6.2 DIREKTORAAT: KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)

Die maandverslag van die Direktoraat: Korporatiewe Dienste word ter tafel gelê en –

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat: Korporatiewe Dienste ten opsigte van Oktober 2023.

6.3 DIREKTORAAT: FINANSIëLE DIENSTE (7/1/2/2-2)

Die maandverslag van die Direktoraat: Finansiële Dienste word ter tafel gelê en verwys die Senior Bestuurder: Begrotingskantoor na die vordering met kapitaalspandering tot 13,7% en 'n bedrag van R49 miljoen reeds verbind aan kapitaalprojekte teen November 2023.

Die Munisipale Bestuurder sal toesien dat die korrekte rapportering van kapitaalspandering in die nuwe SDBIP-verslag vervat word.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat: Finansiële Dienste ten opsigte van Oktober 2023.

5. MATTERS ARISING FROM THE MINUTES

5.1 ITEM 7.2: DRAFT WARD COMMITTEE: ALLOCATION POLICY (3/4/4/B)

RESOLUTION

(a) That the item be referred back pending further comments/inputs on the draft Ward Committee: Allocation Policy;

(b) That, for the financial year 2024/2025, and taking into account the objectives of the Ward Committee Allocation Policy, a streamlined process is followed in consultation with the respective Ward Committees to identify projects under paragraph 6, e.g. to focus on a specific theme per town or region.

6. MONTHLY REPORT: OCTOBER 2023

6.1 MUNICIPAL MANAGER (7/1/2/2-7)

Ald T van Essen stated that the SDBIP generated from the new system is flawed, e.g. there are no timelines for the completion of projects, and an effective oversight role cannot be fulfilled with incomplete information.

The Municipal Manager mentioned that there was an interaction with the service provider and subscribers of the program to convey the needs of the Municipality based on the detailed information of the previous system. It has been undertaken to make the necessary amendments to the programs by the end of January 2024.

The Municipal Manager further mentioned that during the last MinMay meeting, it was proposed to use Swartland Municipality's updated SDBIP as an example in the Province to monitor projects, but there is no certainty whether the proposal will be accepted.

RESOLUTION
(proposal by Ald T van Essen, seconded by Cllr J M de Beer)

That cognisance be taken of the content of the monthly report of the Office of the Municipal Manager with regard to October 2023.

6.2 DIRECTORATE: CORPORATE SERVICES (7/1/2/2-1)

The monthly report of the Directorate: Corporate Services is tabled and –

RESOLUTION
(proposal by Ald T van Essen, seconded by Cllr J M de Beer)

That cognisance be taken of the content of the monthly report of the Directorate: Corporate Services with regard to October 2023.

6.3 DIRECTORATE: FINANCIAL SERVICES (7/1/2/2-2)

The monthly report of the Directorate: Financial Services is tabled, and the Senior Manager: Budget Office referred to the progress with capital spending up to 13.7% and an amount of R49 million already committed to capital projects by November 2023.

The Municipal Manager will ensure that the correct reporting of capital expenditure is contained in the new SDBIP report.

RESOLUTION
(proposal by Ald T van Essen, seconded by Cllr J M de Beer)

That cognisance be taken of the content of the monthly report of the Directorate: Financial Services with regard to October 2023.

6.4 DIREKTORAAT: SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste noem dat daar gereelde skakeling met die Departement van Waterwese is aangaande die skoonmaak van die kanale wat water na die Voëlvleidam voer. Die betrokke departement het onderneem om as 'n korttermyn projek die kanale skoon te maak (ingesluit ontbossing) en as 'n langtermyn projek die herstel/opgradering van die kanale om die leeftyd van die infrastruktuur te verseker.

Die volgende aspekte word deur rdh T van Essen uitgewys, naamlik –
(1) die styging in waterverbruik, veral in Malmesbury;
(2) die verhoogde aantal rioolpompings in Yzerfontein, met in ag neming dat die feesseisoen voorlê;
(3) die sleepwa wat die laaigraaf moet vervoer om publieke oopruimtes skoon te maak is by drie geleenthede deur die verkeersafdeling as onpadwaardig verklaar, en dit nadat die sleepwa herstel was. Die dorpe raak vuil a.g.v. die toerusting wat nie aangewend kan word weens die nie-beskikbaarheid van die laaigraaf nie;
(4) die probleme wat met vodderapers by die Highlands Stortingsterrein ondervind word, onder andere die verwydering van materiaal ter waarde van R6000/dag;
(5) die Departement: Ontwikkelingsbestuur word gekomplimenteer t.o.v. die toemaak van die twee skrootwerwe in Malmesbury wat, onder andere, as afsetpunte vir vodderapers dien.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die proses om probleme met vodderapers aan te spreek drieledig is, naamlik –
(1) tenders is uitgenooi vir die herstel van die heining rondom Highlands Stortingsterrein;
(2) sodra die heining herstel is om gereelde patrollies deur wetstoepassingsbeamptes te laat doen om vodderapers op Highlands Stortingsterrein te verhoed;
(3) laastens, om die patrollies op te volg met die sekuriteitsbeampte met die hond om gereelde sekuriteitsdienste te verseker.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat: Siviele Ingenieursdienste ten opsigte van Oktober 2023.

6.5 DIREKTORAAT: ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste meld dat Eskom begin het met die *TID-rollover* in Eskom-gebiede (±500 meters in die Swartland munisipale gebied) en dat daar baie probleme ondervind word – tot so 'n mate dat die gemeenskappe in opstand wil kom.

Daar is met Eskom gekommunikeer aangaande die ontevredenheid van kliënte om moontlike protesoptogte te voorkom en het Eskom onderneem om x10 kontrakteurs na die Swartland munisipale area te stuur om kliënte te ondersteun met die *TID-rollover*-proses.

BESLUIT
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat: Elektriese Ingenieursdienste ten opsigte van Oktober 2023.

6.6 DIREKTORAAT: ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-5)

Die maandverslag van die Direktoraat: Ontwikkelingsdienste word ter tafel gelê en die Senior Bestuurder: Ontwikkelingsbestuur hou enkele aspekte daaruit voor, onder andere –
(1) die R500 000 RSEP-befondsing wat vanaf Provinsie ontvang is vir die vestiging van x4 doelgemaakte skeepvraghouers vir ekonomiese ontwikkeling;
(2) aanvang van behuisingsprojekte in Malmesbury en Darling met kontrakteur wat vroeg in Januarie op terrein sal wees;
(3) finalisering van die aanvullende waardasierol teen einde November 2023;

6.4 DIRECTORATE: CIVIL ENGINEERING SERVICES (7/1/2/2-4)

The Director: Civil Engineering Services mentioned that there is regular contact with the Department of Water Affairs regarding the cleaning of the canals that feed water to the Voëlvlei Dam. The department concerned undertook to clean the canals as a short-term project (including deforestation) and, as a long-term project, the restoration/upgrading of the canals to ensure the lifespan of the infrastructure.

The following aspects are pointed out by Ald T van Essen, namely –
(1) the rise in water consumption, particularly in Malmesbury;
(2) the increased number of sewage pumpings in Yzerfontein, considering that the festive season is approaching;
(3) the trailer used to transport the front-end loader to where public open spaces are to be cleared has been declared unfit for use by the traffic department on three occasions, and this was after repairing the trailer. The towns become dirty because the equipment cannot be used, resulting from the unavailability of the front-end loader;
(4) the problems encountered with rag-pickers at the Highlands Landfill, including the removal of material worth R6 000/day;
(5) The Department: Development Management is complimented on the closure of the two scrap yards in Malmesbury, which, among other things, serve as outlets for rag-pickers.

The Municipal Manager mentioned that the process to address problems with rag-pickers is threefold, namely –
(1) tenders were invited for the repair of the fence around Highlands Landfill;
(2) once the fence has been repaired, to have regular patrols by law enforcement officers to prevent the presence of rag-pickers at Highlands Landfill;
(3) finally, to follow up the patrols with the security officer with the dog to ensure regular security services.

RESOLUTION
(proposal by Ald T van Essen, seconded by Cllr J M de Beer)

That cognisance be taken of the content of the monthly report of the Directorate: Civil Engineering Services with regard to October 2023.

6.5 DIRECTORATE: ELECTRICAL ENGINEERING SERVICES (7/1/2/2-6)

The Director: Electrical Engineering Services stated that Eskom has started with the TID rollover in Eskom areas (±500 meters in the Swartland municipal area) and that many problems are being encountered – to such an extent that the communities want to revolt.

The customer dissatisfaction was communicated to Eskom to prevent possible protests, and Eskom undertook to send x10 contractors to the Swartland municipal area to support customers with the TID rollover process.

RESOLUTION
(proposal by Cllr D G Bess, seconded by Cllr J M de Beer)

That cognisance be taken of the content of the monthly report of the Directorate: Electrical Engineering Services with regard to October 2023.

6.6 DIRECTORATE: DEVELOPMENT SERVICES (7/1/2/2-5)

The monthly report of the Directorate: Development Services is presented, and the Senior Manager: Development Management presents some aspects of it, among others –
(1) the R500 000 RSEP funding received from the Province for the establishment of x4 dedicated shipping containers for economic development;
(2) start of housing projects in Malmesbury and Darling with the contractor to be on-site in early January;
(3) finalisation of the additional valuation roll by the end of November 2023;

6.6/...

(4) bekendmaking van die algemene waardasierol en beswaartydperk tot 18 Desember, maar weens die kort kennisgewing sal besware ontvang na die 18de Desember ook in ag geneem word.

‘n Bespreking volg aangaande die algemene waardasies en noem die Munisipale Bestuurder dat die Waardeerders wat per tender aangestel is, vertroue ingeboesem het tydens vooraf gesprekke met ‘n groep inwoners van Yzerfontein. Die metodiek wat gevolg is om die algemene waardasies te bepaal is betroubaar en kon alle vrae met gesag beantwoord word.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat: Ontwikkelingsdienste ten opsigte van Oktober 2023.

6.7 DIREKTORAAT: BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3}

6.7.1 PRESTASIEBESTUURVERSLAG
6.7.2 VERKEER- EN WETSTOEPASSINGDIENSTE
6.7.3 BRANDWEERDIENSTE

Die maandverslae van die Direktoraat: Beskermingsdienste word ter tafel gelê en noem die Direkteur: Beskermingsdienste dat ‘n verdere toekenning ten bedrae van R500 000 vanaf Provinsie ontvang is vir die installering van rookverklikkers in informele woongebiede en dat die toekenning in Januarie se aansuiweringsbegroting opgeneem sal word.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat: Beskermingsdienste ten opsigte van Oktober 2023.

7. NUWE SAKE

7.1 WYSIGINGS AAN DIE 2023/2024 DIENSLEWERING- EN BEGROTING-IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/2)

Die Spesiale Aansuiweringbedryfsbegroting soos goedgekeur deur die Raad in Oktober 2023 noodsaak wysigings aan die 2023/2024 Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan.

BESLUIT
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die gewysigde Dienslewering- en Begrotingsimplementeringsplan (SDBIP) vir die 2023/2024 finansiële jaar in terme van Artikel 54(1)(c) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) goedgekeur word.

7.2 VERVROEGDE AFLOS VAN LENING (5/14/3/5)

Dit is die voorneme van die Raad om nuwe lenings op te neem vir die uitvoering van kapitaalprojekte in die medium termyn. Rentekoerse is tans gunstiger as met die opneem van die vorige lening by die Ontwikkelingsbank van Suid-Afrika (DBSA) waar die prima rentekoers ±14% was in vergelyking met die huidige prima rentekoers van 11.25%, met die moontlikheid dat die rentekoerse nog kan daal.

BESLUIT
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a)/...

6.6/…

(4) the publication of the general valuation roll and objection period is until 18 December, but due to the short notice, objections received after 18 December will also be considered.

A discussion followed regarding the general valuations, and the Municipal Manager mentioned that the Valuers appointed by tender inspired confidence during preliminary conversations with a group of residents of Yzerfontein. The methodology used to determine the overall valuations is reliable, and all questions could be answered with authority.

RESOLUTION
(on the proposal of Ald T van Essen, seconded by Cllr J M de Beer)

That notice be taken of the content of the monthly report of the Directorate: Development Services with regard to October 2023.

6.7 DIRECTORATE: PROTECTIVE SERVICES (7/1/2/2-3}

6.7.1 PERFORMANCE MANAGEMENT REPORT
6.7.2 TRAFFIC AND LAW ENFORCEMENT SERVICES
6.7.3 FIRE SERVICES

The monthly reports of the Directorate: Protective Services are tabled, and the Director: Protective Services mentioned that a further grant of R500 000 has been received from the Province for the installation of smoke detectors in informal residential areas and that the grant will be included in the January adjustment budget.

RESOLUTION
(proposal by Ald T van Essen, seconded by Cllr J M de Beer)

That cognisance be taken of the content of the monthly report of the Directorate: Protective Services with regard to October 2023.

7. NEW MATTERS

7.1 AMENDMENTS TO THE 2023/2024 SERVICE DELIVERY AND BUDGET IMPLEMENTATION PLAN (SDBIP) (2/4/2)

The Special Adjustment Operating Budget, as approved by the Council in October 2023, requires amendments to the 2023/2024 Service Delivery and Budget Implementation Plan.

RESOLUTION
(proposal by Cllr D G Bess, seconded by Cllr A K Warnick)

That the amended Service Delivery and Budget Implementation Plan (SDBIP) for the 2023/2024 financial year be approved in terms of Section 54(1)(c) of the Municipal Finance Management Act (Act 56 of 2003).

7.2 EARLY REPAYMENT OF LOAN (5/14/3/5)

The Council intends to raise new loans to execute capital projects in the medium term. Interest rates are currently more favourable than with the previous loan from the Development Bank of Southern Africa (DBSA), where the prime interest rate was ±14% compared to the current prime interest rate of 11.25%, with the possibility that interest rates may continue declining.

RESOLUTION
(proposal by Cllr N Smit, seconded by Cllr A K Warnick)

(a)/…

7.2/...

(a) Dat goedkeuring verleen word vir die vervroegde aflos van die DBSA-lening van R42 905 441,21 en wel om die volgende redes:
   (i) Met die opneem van die lening was die rentekoers nie gunstig nie;
   (ii) Verbeting van Swartland Munisipaliteit se leningskapasiteit op die vooraand van opneem van lening vir kapitaalprojekte teen 'n gunstiger rentekoers.

7.3 HERSIENING VAN DIE ONDERNEMINGRISIKOBESTUURSBELEID (5/15/1/6)

Die beleid het ten doel om 'n proses te vestig waardeur risiko's geïdentifiseer kan word wat 'n bedreiging inhou vir volhoubare dienslewering en die bereiking van die Munisipaliteit se doelwitte. Die proses behels verder die mitigering van die geïdentifiseerde risiko's om die bestuur van die Munisipaliteit te optimaliseer.

Die gewysigde Ondernemingsrisikobestuursbeleid is met die sakelys gesirkuleer vir oorweging en goedkeuring.

BESLUIT
(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat die hersiende Ondernemingsrisikobestuursbeleid goedgekeur word vir onmiddellike implementering omrede dit 'n verskeidenheid van voordele vir die Munisipaliteit inhou, byvoorbeeld:
   (i) meer doeltreffende, betroubare en koste effektiewe dienslewering;
   (ii) meer betroubare besluitneming;
   (iii) minder verrassings en krisisse deur bestuur in staat te stel om effektief te handel met potensiële opkomende risiko's wat onsekerheid kan skep; en
   (iv) beter uitsette en uitkomste deur die verbetering in die bestuur van projekte en programme;

(b) Dat die "Risk Appetite"-vlak van 15 – "Impact x Likelihood" = 15 (5x3) & (3x5) aanvaar word;

(c) Dat die "Risk Tolerance"-vlakke van 16 (4x4) en hoër nie aanvaarbaar is nie en moet bestuur word.

7.4 KONSEP GEKOMBINEERDE SEKERHEIDSBELEID (5/15/1/1)

Die doel van hierdie raamwerk is om 'n minimum riglyn vir die Munisipaliteit daar te stel om die implementering van 'n gekombineerde sekerheidsmodel moontlik te maak om die Prestasie- en Risiko-ouditkomitee te ondersteun het hulle werk in hierdie verband.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Gekombineerde Sekerheidsbeleid met onmiddellike effek goedgekeur word.

7.5 HERSIENING VAN DIE BEDROGVOORKOMING- EN TEEN-KORRUPSIE STRATEGIE (5/15/1/6)

Swartland Munisipaliteit is deur die organisasie se etiese waardes daartoe verbind om besigheid op 'n eerlike en deursigtige wyse te doen en dit vorm die grondslag van die Bedrog Voorkoming en Teen-Korrupsie Strategie.

Die strategie spreek die opsporing, voorkoming en bekamping van bedrog en korrupsie aan ten einde dit teen te werk.

BESLUIT
(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die gewysigde Bedrogvoorkoming- en Teen-Korrupsiestrategie met onmiddellike effek goedgekeur word.

7.2/…

(a) That approval is granted for the early redemption of the DBSA loan of R42 905 441,21 and indeed for the following reasons:
   (i) When taking out the loan, the interest rate was not favorable;
   (ii) Improvement of Swartland Municipality's loan capacity on the eve of taking out loans for capital projects at a more favorable interest rate.

7.3 REVIEW OF THE ENTERPRISE RISK MANAGEMENT POLICY (5/15/1/6)

The policy aims to establish a process to identify risks that pose a threat to sustainable service delivery and the achievement of the Municipality's objectives. The process further involves mitigating the identified risks to optimise the management of the Municipality.

The revised Enterprise Risk Management Policy has been circulated with the agenda for consideration and approval.

RESOLUTION
(proposal by Cllr J M de Beer, seconded by Cllr A K Warnick)

(a) That the current Enterprise Risk Management Policy be approved as it will deliver a range of benefits to the municipality such as the following:
   (i) More efficient, reliable and cost effective delivery of services;
   (ii) More reliable decisions;
   (iii) Fewer surprises and crises by placing management in a position to effectively deal with potential new and emerging risks that may create uncertainty; and
   (iv) Better outputs and outcomes through improved project and programme management.

(b) That the acceptance of the Risk Appetite Level at 15 - Impact x Likelihood = 15 (5x3) & (3x5);

(c) That the Risk Tolerance Levels of 16 (4x4) and above are not acceptable and should be managed.

7.4 DRAFT COMBINED ASSURANCE POLICY (5/15/1/1)

This framework aims to set a minimum guideline for the Municipality to enable the implementation of a combined assurance model to support the Performance and Risk Audit Committee's work in this regard.

RESOLUTION
(proposal by Cllr A K Warnick, seconded by Cllr D G Bess)

That the Combined Assurance Policy be approved with immediate effect.

7.5 REVIEW OF THE FRAUD PREVENTION AND ANTI-CORRUPTION STRATEGY (5/15/1/6)

Swartland Municipality is committed by the organisation's ethical values to do business honestly and transparently, forming the basis of the Fraud Prevention and Anti-Corruption Strategy.

The strategy addresses the detection, prevention and combatting of fraud and corruption in order to counter them.

RESOLUTION
(proposal by Cllr J M de Beer, seconded by Cllr A K Warnick)

That the amended Anti-Fraud and Corruption strategy be approved with immediate effect.

7.6 NOTULE VAN DIE MUNISIPALE PRESTASIE-, RISIKO- EN OUDITKOMITEEVERGADERINGS GEHOU OP 22 AUGUSTUS 2023 EN 29 AUGUSTUS 2023 (5/15/1/3)

Die Ouditkomitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van artikel 166 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet, Nr 56 van 2003.

Die notules van die Munisipale Prestasie-, Risiko- en Ouditkomiteevergadering onderskeidelik gehou op 22 Augustus en 29 Augustus 2023 is met die sakelys gesirkuleer en bevat geen aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging nie.

BESLUIT dat kennis geneem word van die notules van die Munisipale Prestasie, Risiko en Ouditkomiteevergadering onderskeidel gehou op 22 en 29 Augustus 2023.

7.7 AANBEVELING VIR DIE GOEDKEURING VAN DIE ORGANISATORIESE STRUKTUUR, MET IN AG NEMING VAN WYSIGINGS AAN FINANSIES, BESKERMINGSDIENSTE EN DIE KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER (4/1/1/2/1)

Artikel 66 van die Munisipale Stelsels Wysigingswet, 2011 bepaal dat die organisatoriese struktuur deur die Munisipale Bestuurder goedgekeur moet word.

Die voorgestelde wysigings aan die struktuur van die Kantoor van die Munisipale Bestuurder, die Direktoraat: Finansiële Dienste en die Direktoraat: Beskermingsdienste, soos breedvoerig toegelig in die verslag, is aan die vakbonde voorgehou.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem dat die wysigings aanbeveel is deur die Plaaslike Arbeidsforumvergadering gehou op 23 November 2023;

(b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die wysigings aan die organisatoriese struktuur aanbeveel vir goedkeuring deur die Raad vir implementering met ingang van 1 November 2023 en 1 April 2024 onderskeidelik.

7.8 TENDER L01/23/24: VERKOOP VAN ONGEREGISTREERDE ERF 12857, MALMESBURY (8/2/2/4)

Die Munisipale Raad het in beginsel goedkeuring verleen ingevolge Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 en die Verordening en Beleid met betrekking tot die Oordrag van Munisipale Bates "dat ongeregistreerde Erf 12875, Malmesbury (1001 m² groot) aangebied word vir vervreemding deur middel van 'n openbare mededingende proses (wat 'n tweefase-bodproses kan insluit) vir vervreemding aan instansies met bewese ervaring in Vroeë Kinderontwikkeling".

'n Gesubsidieerde reserweprys van R16 000 (BTW uitgesluit) is deur die Raad bepaal.

Die voorgestelde vervreemding is in die media geadverteer en nie kommentaar en/of besware rakende die voorgestelde verkoop van Erf 12857 is ontvang nie.

Tenders is uitgenooi deur middel van 'n tweefase-bodproses vir Koevert 1 om die Ontwikkelings-/Besigheidsvoorstel vir die eiendom te bevat en Koevert 2 om die geldelike aanbod te bevat. Die beoordeling van die tender is oorweeg tydens 'n Bodbeoordelingskomiteevergadering gehou op 29 November 2023.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

(a) Dat kennis geneem word van die prosesse wat gevolg is vir Tender L01/23/24 (Verkoop van Ongeregistreerde Erf 12875 Malmesbury) om toegeken te word aan die Maranatha Trust ten bedrae van R90 000.00 BTW uitgesluit;

7.6 MINUTES OF THE MUNICIPAL PERFORMANCE, RISK AND AUDIT COMMITTEE MEETINGS HELD ON 22 AUGUST 2023 AND 29 AUGUST 2023 (5/15/1/3)

The Audit Committee serves as a fully independent committee of the Council. It performs its function under the provisions of section 166 of the Local Government: Municipal Financial Management Act, No. 56 of 2003.

The minutes of the Municipal Performance, Risk and Audit Committee meeting held on 22 August and 29 August 2023, respectively, were circulated with the agenda and do not contain any recommendations to the Executive Mayoral Committee for consideration.

RESOLUTION that cognizance be taken of the minutes of the meeting of the Municipality's Performance, Risk and Audit Committee of 22 August 2023 and 29 August 2023.

7.7 RECOMMENDATION FOR THE APPROVAL OF THE ORGANISATIONAL STRUCTURE, TAKING INTO ACCOUNT CHANGES TO FINANCE, PROTECTIVE SERVICES AND THE OFFICE OF THE MUNICIPAL MANAGER (4/1/1/2/1)

Section 66 of the Municipal Systems Amendment Act, 2011, provides that the organisational structure is to be approved by the Municipal Manager.

The proposed changes to the structure of the Office of the Municipal Manager, the Directorate: Financial Services and the Directorate: Protection Services, as detailed in the report, were presented to the unions.

RESOLUTION
(proposal by Cllr A K Warnick, seconded by Cllr N Smit)

(a) That the Executive Mayoral Committee takes note that the amendments were recommended at the meeting of the Local Labour Forum held on 23 November 2023;

(b) That the Executive Mayoral Committee recommends the amendments to the organisational structure for approval by Council for implementation with effect from 1 November 2023 and 1 April 2024 respectively.

7.8 TENDER L01/23/24: SALE OF UNREGISTERED ERF 12857, MALMESBURY (8/2/2/4)

The Municipal Council approved in principle in terms of section 14 of the Municipal Financial Management Act, 2003 and the By-law and Policy regarding the Transfer of Municipal Assets "that unregistered Erf 12875, Malmesbury (1001 m² in size) is offered for disposal through a public competitive process (which may include a two-stage bidding process) for disposal to institutions with proven experience in Early Childhood Development".

A subsidised reserve price of R16 000 (excluding VAT) has been fixed by the Council.

The proposed disposal was advertised in the media, and no comments and/or objections were received regarding the proposed sale of Erf 12857.

Tenders were invited through a two-stage bidding process for Envelope 1 to contain the Development/Business Proposal for the property and Envelop 2 to contain the monetary offer. The tender evaluation was considered at a Bid Evaluation Committee meeting on 29 November 2023.

RESOLUTION
(proposal by Ald T van Essen, seconded by Cllr J M de Beer)

(a) That cognisance be taken of the processes followed for Tender L01/23/24 (Sale of Unregistered Erf 12875 Malmesbury) to be awarded to the Maranatha Trust at the amount of R90 000.00 excluding VAT;

7.8/…

(b) Dat die oordrag van die bate (onderwerp eiendom) aan die Maranatha Trust goedgekeur word, en die Verkoopooreenkoms onderteken word deur die Direkteur: Korporatiewe Dienste.

7.9 EERSTE WYSIGING VAN DIE 2023/2024 GEDETAILLEERDE PROJEK-IMPLEMENTERINGSPLAN (5/9/2/6/1)

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste bevestig dat die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake die nasionale MIG-toekenning besnoei het wat 'n vermindering van R1 653 000 vir Swartland Munisipaliteit te weeg gebring het. Gevolglik moet die projekimplementeringsplan dienooreenkomstig gewysig word.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat kennis geneem word dat die 2023/2024 MIG-allokasie aan Swartland Munisipaliteit met 'n bedrag van R1 653 000 vanaf R24 708 000 na R23 055 00 verminder het;

(b) Dat, ten einde die MIG-projekte suksesvol te implementeer daar 'n herallokering van fondse tussen die geregistreerde MIG-projekte gedoen moet word, en dat die 2023/2024 MIG-projekimplementeringsplan dienooreenkomstig gewysig word;

(c) Dat die volgende projekte en begrotings vir die eerste gewysigde MIG-projek-implementeringsplan vir die 2023/2024 finansiële jaar goedgekeur word:

Nr	*Project*	*MIG Ref.*	*Budget*
1	*Construction of Roads: Chatsworth*	*WC1862/R.ST/22/25*	*R 6 877 847*
2	*Construction of Roads Phase 2: Kalbaskraal*	*WC/1913/R.ST/22/25*	*R 2 500 000*
3	*Construction of Roads Phase 2: Abbotsdale*	*WC/1912/R.ST/22/25*	*R 1 900 000*
4	*Construction of Roads Phase 2: Chatsworth*	*WC1765/R.ST/19/23*	*R 2 900 659*
5	*Upgrade of Sportsfield: Illinge Lethu*	*WC/1914/R.ST/23/25*	*R 8 876 494*
		TOTAL	***R 23 055 000***

(d) Dat die gewysigde MIG-projekimplementeringsplan aan die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake beskikbaar gestel word.

7.10 UITSTAANDE DEBITEURE: NOVEMBER 2023 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Oktober 2023.

7.11 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 November 2023 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.12 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: HERSTEL VAN CASE 580T DIGGER/LOADER, CK 43210 (8/1/B/2)

Die masjien het op 21 November 2023 onklaar geraak tydens grondverskuiwings om toegang tot die 11 kV-lyn tussen die Eskom-substasie en munisipale-substasie in Moorreesburg te verkry.

7.8/…

(b) That the transfer of the asset (subject property) to the Maranatha Trust be approved, and the Agreement of Sale be signed by the Director: Corporate Services.

7.9 FIRST AMENDMENT OF THE 2023/2024 DETAILED PROJECT IMPLEMENTATION PLAN (5/9/2/6/1)

The Director: Civil Engineering Services confirms that the Department of Cooperative Government and Traditional Affairs has cut the national MIG grant, which implies a reduction of R1 653 000 for Swartland Municipality. Consequently, the project implementation plan should be amended accordingly.

RESOLUTION
(proposal by Ald T van Essen, seconded by Cllr A K Warnick)

(a) That the Executive Mayoral Committee notes that the 2023/2024 MIG allocation for Swartland Municipality has been decreased from R 24 708 000 with R 1 653 000 to R 23 055 000.

(b) That the Executive Mayoral Committee notes that in order to achieve successful project implementation, a re-allocation of funds between MIG projects is required and that the 2023/2024 DPIP must be amended accordingly;

(c) That the Executive Mayoral Committee approves the following projects and budgets for the first amended of the DPIP for the 2023/2024 financial year:

Nr	Project	MIG Ref.	Budget
1	Construction of Roads: Chatsworth	WC1862/R.ST/22/25	R 6 877 847
2	Construction of Roads Phase 2: Kalbaskraal	WC/1913/R.ST/22/25	R 2 500 000
3	Construction of Roads Phase 2: Abbotsdale	WC/1912/R.ST/22/25	R 1 900 000
4	Construction of Roads Phase 2: Chatsworth	WC1765/R.ST/19/23	R 2 900 659
5	Upgrade of Sportsfield: Illinge Lethu	WC/1914/R.ST/23/25	R 8 876 494
		TOTAL	**R 23 055 000**

(d) That the amended DPIP be submitted to the Department of Cooperative Governance and Traditional Affairs.

7.10 OUTSTANDING DEBTORS: NOVEMBER 2023 (5/7/1/1)

A full report on the balance of outstanding debtors was circulated with the agenda.

RESOLUTION that cognisance be taken of the report with reference to the state of the outstanding debtors of Swartland Municipality for November 2023.

7.11 PROGRESS WITH OUTSTANDING INSURANCE CLAIMS (5/14/3/5)

According to the Asset Management Policy, monthly reporting regarding outstanding insurance claims is required.

RESOLUTION that cognisance be taken of the state of outstanding insurance claims up to and including 30 November 2023 as circulated with the agenda.

7.12 DEVIATION FROM PRESCRIBED PROCUREMENT PROCEDURES: REPAIR OF CASE 580T DIGGER/LOADER, CK 43210 (8/1/B/2)

The machine became unusable on 21 November 2023 during earth moving to gain access to the 11 kV line between the Eskom substation and the municipal substation in Moorreesburg.

7.12/…

Die masjien is deur Hennie van Zyl Magnies BK in Moorreesburg opgelaai om 'n assessering van die skade te doen.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;

(b) Dat verder kennis geneem word van die aksies van die Munisipale Bestuurder om die herstelwerk aan die Digger Loader, CK 43210, ten bedrae van R71 047 (BTW uitgesluit) deur Hennie van Zyl Meganies BK goed te keur;

(c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
   (i) Die masjien het onklaar geraak gedurende grondverskuiwings om toegang tot die 11 kV-netwerk in Moorreesburg te verkry;
   (ii) Om 'n kwotasie te kon lewer, het die diensverskaffer die masjien self verwyder en na werkwinkel geneem om 'n assessering van die skade te doen;
   (iii) Dit sou onprakties en onredelik wees om die normale verkrygingsprosedures te volg in hierdie geval;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R71 047,00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/7-25-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.13 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: HERSTEL VAN VULLISVERWYDERINGSVRAGMOTOR, CK 44823 (8/1/B/2)

Die vullisverwyderingsvragmotor, CK 44823, word in Yzerfontein gebruik vir die betrokke diens. Die vragmotor het probleme ondervind om die vullis te kompakteer en is Transtech, die agent van Heil 5000 kompakteerders, genader om 'n assessering te doen.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;

(b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die herstelwerk aan die vullisverwyderingsvragmotor, CK 44823 vir die bedrag van R153 810.93 (BTW uitgesluit) deur Transtech goed te keur;

(c) Dat die rede vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
   (i) Die vragmotor sou vir 'n geruime tyd buite werking gelaat word;
   (ii) Dit sou lei tot 'n ineenstorting in die kapasiteit van die vaste afvalverwyderingsdienste en risiko's vir openbare gesondheid inhou;
   (iii) Die herstelwerk aan die vragmotor was dus as 'n noodgeval hanteer;

(b) Dat die uitgawe ten bedrae van R153 810.93 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/4-60-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(c) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

(GET) J H CLEOPHAS
UITVOERENDE BURGEMEESTER

The machine was loaded by Hennie van Zyl Meganies BK in Moorreesburg to assess the damage.

RESOLUTION

(a) That the Executive Mayoral Committees take note of the deviation from the prescribed procurement procedures in terms of clause 36(2) of the Supply Chain Management Policy;

(b) That further notice be taken of the action of the Municipal Manager to to approve the repair of the Digger Loader CK 43210 by Hennie van Zyl Meganies BK for the value of R71 047 (Excl VAT).;

(c) That the reason for the deviation from the prescribed procurement process be recorded as follows:
   (i) The digger loader broke down while being used to move soil to create access to the 11 kV network in Moorreesburg.
   (ii) The Supplier had to recover the vehicle from the site and inspect it to determine the problem and extend of the damage to provide a quote
   (iii) It was impractical and not reasonable to follow the normal procurement process in this instance.

(d) That there are sufficient funds available and that the expenditure amounting to R71 047,00 (excluding VAT) is settled against post number 9/7-25-5;

(e) That the Manager: Financial Statements and Control be instructed to include the above reason as a note to the financial statements, when same are compiled.

7.13 DEVIATION FROM PRESCRIBED PROCUREMENT PROCEDURES: REPAIR OF GARBAGE TRUCK, CK 44823 (8/1/B/2)

The garbage truck, CK 44823, is used in Yzerfontein for the service in question. The truck had problems compacting the garbage, and Transtech, the agent of Heil 5000 compactors, was approached to do an assessment.

RESOLUTION

(a) That the Executive Mayoral Committees take note of the deviation from the prescribed procurement procedures in terms of clause 36(2) of the Supply Chain Management Policy;

(b) That further notice be taken of the action of the Municipal Manager to approve repairs to the waste removal truck CK 44823 for the amount of R153,810.93 (excluding VAT) by Transtech;

(c) That the reason for the deviation from the prescribed procurement process be recorded as follows:
   (i) The truck would be left out of service for an extended period of time;
   (ii) This will result in a failure in the waste removal services capacity and public healthrisks;
   (iii) The repair works to the truck therefore is handled as an emergency.

(d) That the expenditure was allocated to mSCOA vote 9/4-60-5 and that there was sufficient funding available for the order in the amount of R153 810.93 excluding VAT;

(e) That the Manager: Financial Statements and Control be instructed to include the above reason as a note to the financial statements, when same are compiled.

(SIGNED) J H CLEOPHAS
EXECUTIVE MAYOR

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 24 JANUARIE 2024 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Senior Bestuurder: Strategiese Dienste, me O Fransman
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Die Uitvoerende Burgemeester verwelkom lede en versoek rdl D G Bess om die vergadering met gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Dat **KENNIS GENEEM** word van die verskoning ontvang vanaf die Speaker, rdh M Rangasamy.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Die Uitvoerende Burgemeester bedank die Brandweerdienste vir bystand verleen tydens die brandvoorval by die Shelly Point Hotel in St Helenabaai en die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir die beskikbaarstelling van die watertrok.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 13 DESEMBER 2023

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 13 Desember 2023 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

Geen.

MINUTES OF A MEETING OF THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE HELD IN THE BANQUET HALL, MALMESBURY, ON WEDNESDAY, 24 JANUARY 2024 AT 10:00

PRESENT:

Executive Mayor, Ald J H Cleophas (chairperson)
Executive Deputy Mayor, Cllr J M de Beer

Members of the Mayoral Committee:
Cllr D G Bess
Cllr N Smit
Ald T van Essen
Cllr A K Warnick

Officials:
Municipal Manager, Mr J J Scholtz
Director: Financial Services, Mr M Bolton
Director: Protective Services, Mr P A C Humphreys
Director: Electrical Engineering Services, Mr T Möller
Director: Civil Engineering Services, Mr L D Zikmann
Director: Development Services, Ms J S Krieger
Director: Corporate Services, Ms M S Terblanche
Senior Manager: Strategic Services, Ms O Fransman
Manager: Secretariat and Records Services, Ms N Brand

1. OPENING

The Executive Mayor welcomed the members and requested Cllr D G Bess to open the meeting with prayer.

2. LEAVE OF ABSENCE

NOTICE is taken of the apology from the Speaker, Ald M Rangasamy.

3. SUBMISSIONS/DELEGATIONS/SPEAKING ENGAGEMENTS

The Executive Mayor thanked the Fire Services for their assistance during the fire incident at the Shelly Point Hotel in St Helena Bay and the Director: Civil Engineering Services for making the water truck available.

4. MINUTES

4.1 MINUTES OF AN ORDINARY EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE MEETING HELD ON 13 DECEMBER 2023

RESOLUTION
(proposal by Ald T van Essen, seconded by Cllr N Smit)

That the minutes of an Ordinary Executive Mayoral Committee Meeting held on 13 December 2023 be approved and signed by the Mayor.

5. MATTERS ARISING FROM THE MINUTES

None.

6. MAANDVERSLAG: NOVEMBER 2022

6.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste gee agtergrond tot die hoë organiese lading teenwoordig by die Darling Rioolwerke. Die storting van afvalwater deur die nyweraar wat melk verwerk is baie hoog en daar was ‘n faling in die behandelingsprosesse van die nyweraar.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste bevestig dat daar ‘n ondersoek gedoen word na tariefstrukture om nyweraars aan te moedig om vooraf behandelingsprosesse in plek te stel en die nodige instandhouding te doen om te voorkom dat die koste van verwerking van afval die Munisipaliteit toeval.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, met verwysing na die damvlakke van die totale stelsel wat op 83% staan, meld dat die waterverbruik redelik toegeneem het en, gegewe die Munisipaliteit se allokasie uit die stelsel en beskikbaarheid van alternatiewe waterbronne, waterverbruik krities dopgehou sal moet word.

Verder noem die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste dat die wyse waarop riooldienste aan Yzerfontein gelewer word nie volhoubaar is nie en dat oplossings ondersoek word. Dit is nodig om terreine te identifiseer vir die vestiging van ‘n rioolaanleg vir Yzerfontein.

Op navraag van rdh T van Essen insake die probleme wat met watervoorsiening aan Chatsworth ervaar word, noem die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste dat die maatreëls om water in die nag toe te draai om geleentheid te gee vir die reservoirs om water in te kry, suksesvol is. Verder is daar x4 tenke opgesit vir die hoërliggende gebiede in Chatsworth en gaan die watertrok gereeld na daardie gebiede om watervoorsiening te verseker.

Die voorsitter versoek dat daar oplossings gevind moet word (1) vir die onwettige wateraansluitings, onder ander deur inwoners van Silvertown en (2) om die hoërliggende gedeeltes van Chatsworth op ‘n volhoubare wyse van water te voorsien.

Die Munisipale Bestuurder gee agtergrond insake die totstandkoming van Silvertown en die kwessies rondom eienaarskap. Daar sal gesprekke met die Kantoor van die Premier gevoer moet word en met Stad Kaapstad insake die moontlike insluiting van Chatsworth, Riverlands en Kalbaskraal by Stad Kaapstad se regsgebied.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat: Siviele Ingenieursdienste ten opsigte van November 2023.

6.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste behandel die direktoraat se maandverslag vir November 2023 en fokus op die effek van beurtkrag, bv. in November 2023 was daar elke dag beurtkrag.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste bevestig dat die vordering met die implementering van die TID-oorskakelingprojek op 75% staan. Die energieverliese vir November 2023 is op 2.66% wat nog geverifieer moet word.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste noem dat die beheerkas wat die verkeersligte na die N7 reguleer, gedurende beurtkrag gevandaliseer is en dat alle toerusting en kabels uitgesteel is.

BESLUIT
